

Vrydag 27 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 20:19-25

Fokusgedeelte: Johannes 20:21-22

Die Here stuur julle uit deur die Gees wat in julle werk

As ons sou redeneer dat ons nie die vermoë het om die evangelie te verkondig nie, dan erken ons dat die Gees nie in ons werk nie. Ons sou dan besig wees met ons eiewillige wyse van die Here dien.

Die dissipels het net die oggend van hierdie gebeure die leë graf ontdek. Johannes het geglo (vs 8), maar nie een het die volle implikasie van sy opstanding begryp nie. Nou verskyn Christus aan hulle en gee hulle opdrag, net soos Hy opdrag ontvang het. Hy stuur hulle. Om wat te doen? Om te verkondig dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Deur in Hom te glo, ontvang jy die lewe (vs 31).

Dan doen Jesus 'n vreemde ding. Hy blaas oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees.” Die uitstorting van die Heilige Gees vind plaas eers nagenoeg 50 dae hierna. Hierdeur wil Christus egter aan hulle bevestig dat die Gees van Hom en die Vader af uitgaan. Elkeen word deur God – Vader, Seun en Heilige Gees – gestuur die wêreld in om die boodskap van verlossing te verkondig en met die vermoë om dit te doen. Waarom anders sou die Gees dan uitgestort word? Dit is nie sodat ons alleenlik getroos kan voel in tye van swaarkry nie. Dit is sodat elkeen die krag en vermoë kan hê om sy/haar roeping in hierdie wêreld te vervul deur die verkondiging van die evangelie.

God het deur sy Gees aan elkeen van ons die geleentheid gegee om Hom te verheerlik. Ons doen dit deur Jesus as Christus te verkondig, sodat elkeen wat glo, die lewe kan hê. Lewe dan in gehoorsaamheid aan die opdrag wat God jou gee.

Sing: Psalm 119:10 (1936)

Ds. Neville Boy (Thabazimbi)